# DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS AS SIMBOLIESE GESKRIF.

## II

Op bls. 88 van die vorige aflewering is verhaal hoe De Bray voorin die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n brief aan die Koning geplaas het, maar dat dit op geen ander wyse aan hom gestuur kon word nie dan deur dit in die nag oor die mure van die kasteel waar die verteenwoordiger van die Koning was, te laat werp, in die hoop dat dit hom dan sou bereik. Hierdie merkwaardige brief word hier in Afrikaanse vertaling weergegee:

* * *

> Die gelowiges wat in die Nederlande is en wat begeer om volgens die waaragtige hervorming van die Evangelie van onse Here Jesus Christus te lewe, aan koning Phillippus hulle soewereine Heer.

Genadigste Heer, as dit ons toegelate was om voor U Majesteit te verskyn en ons teen die misdade waarvan die mense ons beskuldig, te verdedig, en die regverdigheid van onse saak aan te toon, dan sou ons nie hierdie bedekte middel gesoek het om U die gesug van u volk deur middel van 'n stomme versoekskrif of geskrewe Belydenis te laat hoor nie; maar nou dat onse vyande u ore met so baie valse aanklagtes en rapporte gevul het, sodat ons nie alleen verhinder word om persoonlik voor U te verskyn nie, maar ook uit u gebiede verjaag word, en daar waar ons gevind word ons vermoor en verbrand word, so, genadigste Heer, vergun ons in die naam van God dat wat niemand selfs ook aan diere kan weier nie, naamlik om as van veraf na ons klaaglik geroep te luister. En as U Majesteit ons gehoor het en ons skuldig vind, laat die vure in u koninkryk dan vermeerder en die helse kwellinge ver-

menigvuldig word. Maar aan die ander kant, as dit vir U blyk dat ons onskuldig is, wees ons dan 'n steun en 'n toevlug teen die geweld van onse vyande. Want helaas, genadigste Heer, as mens alleen maar kan beskuldig terwyl aan die beskuldigde elke weg en middel van verdediging ontneem word, wie sal dan regverdig bevind word? Wie se onskuld sal dan onder die mense verseker wees? Hulle sê ons is ongehoorsames, oproeriges, opstandelinge wat niks anders begeer as om alle staatkundige of burgerlike regering te breek nie, wat verwarring in die wêreld wil aanrig; en dat ons nie alleen ons aan u jurisdiksie en mag wil onttrek nie, maar selfs ook die septer uit u hande wil ruk. O misdade, onse belydenis onwaardig, onwaardig 'n christenmens, onwaardig die algemene naam van 'n mens, maar wat waardig is dat die ou leus van die tyranne weer in herinnering gebring word: die Christene voor die diere. Maar dit is nie genoeg om net te beskuldig nie, dit kom op die bewys aan. Die profete, apostels, en selfs die lede van die eerste Gemeente van Jesus Christus was ook beskuldig, ja volgens die uitwendige skyn en die vleeslike oordeel van die mense was hulle met net sulke lasteringe oorlaai. Maar net soos hulle in hul dae verklaar het, net so betuig en verklaar ons voor God en sy Engele dat ons niks meer begeer as om onder die gehoorsaamheid aan die Owerheid in suiwerheid van gewete te lewe, God te dien en ons na sy Woord en heilige gebode te hervorm. En behalwe hierdie verborge getuienis van ons gewete sal ook diegene wat te doen het met ons prosesse, vonnisse en veroordelings, goeie getuies wees dat hulle nooit iets onder ons opgemerk het wat tot oproer gestrek het, of van 'n voorneme teen U Majesteit, of wat die algemene rus verstoor; maar hulle het inteendeel bevind dat ons in onse samekomste vir die Konings en Vorste van die aarde bid, en in die besonder vir U, o genadigste Heer, en vir hulle wat U in die bestuur en regering van u gebiede, lande en heerskappye geplaas het. Want sowel deur die Woord van God as deur die gedurige onderwysings van onse leraars is ons geleer dat Konings, Vorste en Owerhede daar is deur die ordinansie van God; en dat hy wat die Owerheid weerstaan, teen die ordinansie van God ingaan en veroordeling sal ontvang. Ons erken en bely dat dit deur die ewige wysheid van God is dat die Konings regeer en die Vorste regspreek: in kort, dat hulle nie onwettiglik of deur tyranne daar gekom het nie, maar deur die instelling van God. En om te bewys dat dit nie alleen in onse monde, maar in die diepste van onse harte ingedruk en ingegraveer is: wie is ooit onder ons gevind wat geweier het om aan U, genadigste Heer, die belastings of tol wat hom opgelê is, te betaal? Inteendeel, die gehoorsaamheid was in iedereen ewe haastig as die bevel om te betaal was. Waar is ooit 'n drae van wapens of 'n sameswering ontdek, selfs toe ons deur daardie persone wat agter u naam en gesag skuil om hul aan allerhande wreedheid te buite te gaan, so wreed

gepynig en gemartel is, dat dit genoeg sou gewees het om die geduld van die sagaardigste en sagmoedigste te versteur en in woede en wanhoop te verander? Maar ons dank onse God dat die bloed van onse broeders wat terwille van onse saak en geding, of liewer ter wille van die saak van Jesus Christus en die getuienis van die waarheid vergiet is, roep; die verbannings, die gevangenisse, pynbanke, voëlvry verklarings, martelinge en ander eindelose smarte bewys wel dat onse gesindheid nie vleeslik is nie, want ons sou dit na die vlees veel makliker gehad het as ons nie hierdie leer voorgestaan het nie; maar waar ons die vrese Gods voor oë het en verskrik is deur die bedreiging van Jesus Christus wat sê, dat Hy ons voor God sy Vader sal verloën as ons Hom voor die mense verloën, so bied ons die rug vir slae, die tonge vir die messe, die mond vir toepropping en die hele liggaam vir die vuur: want ons weet dat wie Christus wil volg, sy kruis moet draag en homself moet verloën. En nooit sal dit in 'n welbeheerste gees en een wat nie verblind en van sy sinne beroof is nie, kan opkom dat hulle wat hul land en maagskap en vriende verlaat om in vrede en rus te lewe, daarop uit is om alles te beroer; dat hulle wat terwille van die Evangelie sterwe waarin hulle geskrewe sien dat aan die Keiser gegee moet word wat van die Keiser is en aan God wat van God is, die kroon van die Koning wil afneem of iets bedriegliks teen hom wil voorneem. Hierby bied hulle en gee hulle hul liggame en hul goedere aan die Koning, en bid sy Majesteit ootmoediglik dat hulle toegelaat mag word om aan God te gee wat Hy eis en wat ons Hom met reg nie kan weier nie, omdat Hy ons gemaak het en ons vir Hom deur 'n groot en kosbaar prys verwerf het.

En ook is dit nie nodig nie dat onse vyande u goedheid en geduid so misbruik dat U na hulle hoef te luister as hulle U te kenne gee dat dit maar net deur die klein getal is dat ons nie teen U opstaan nie, net asof iedereen van ons in sy hart opstandig en oproerig was en net op die menigte wag om te velde te trek en U te bespring en sy woede los te laat; want laat hulle die saak maar soveel verdraai as hulle wil, ons verseker U, genadigste Heer, dat daar in u Nederlande meer as honderdduisend manne is wat die godsdiens het en volg waarvan ons U nou die Belydenis oorhandig, en daar word by niemand van hulle enige voorbereidings tot oproer gevind nie, ja daar is van hulle nie een woord gehoor wat daartoe strek nie. Dit is nie, genadigste Heer, om die minste van u amptenare en dienare verskrik of vreesagtig te maak nie dat ons U sê hoe groot die getal van ons broeders is, maar slegs om die lasteringe van hulle wat ons alleen deur leuens gehaat kan maak, te weerlê, asook om U tot barmhartigheid te beweeg. Want, helaas, as U u arm uitstrek om dit in die bloed van so baie persone te steek en te dompel, o God, watter verkwisting van lewe van u onderdane veroorsaak U dan nie, watter wond in u volk, watter geween,

watter versugtings, watter gekerm van vrouens, van kinders van bloedverwante en vriende! Watter oog is daar wat droog en nie vol van trane sal kan sien dat so baie eerbare burgers wat deur almal bemin is en deur niemand gehaat word nie, na 'n donkere en verskriklike gevangenis na pynigings en folteringe aan die allerwreedste en barbaarste dood en marteling wat die heidense en wêreldse tyranne ooit uitgevind het, oorgegee word? En intussen dwaal hulle vroue, as hulle kon ontsnap, in vreemde lande rond, terwyl hulle hul brood van deur tot deur met hulle kinders op die arm bedel. O genadigste Heer, dat die nageslag u regering tog nie as bloedig en wreed mag beskryf nie! Dat mens tog nie mag sê dat die eer van u voorouers, die grootheid van u vader en u eie deugsaamheid deur 'n wreedheid verdonker was nie, ek sê 'n wreedheid, wat eie is aan diere, maar benede die waardigheid van 'n mens, en veral baie onwaardig en strydig vir 'n Vors wie se voortreflikheid en deugsaamheid hoofsaaklik bestaan in goedertierenheid, wat 'n regte teken en juiste onderskeiding is tussen 'n ware koning en 'n tiran. Wat betref dat hulle ons vervolg, nie alleen as teenstanders van u kroon en van die Staat nie, maar ook as vyande van God en sy Kerk, smeek ons u om volgens die Geloofsbelydenis wat ons u aanbied, te oordeel, en wat ons bereid is om dit, as dit nodig is, met ons bloed te beseël. Deur hierdie Belydenis sal U, soos ons hoop, erken dat hulle ons ten onregte skeurmakers, oproerlinge en ketters noem, aangesien ons nie alleen die vernaamste punte van die christelike geloof wat in die symbool en algemeen geloof bevat is, beken en bely nie, maar die hele leer wat Jesus Christus tot ons lewe, regverdiging en saligheid geopenbaar het; wat deur die Evangeliste en Apostels verkondig is en deur die bloed van soveel martelare beseël is en deur die eerste Kerk suiwer en opreg bewaar is, totdat dit deur onkunde, gierigheid en eersug van die leraars bedorwe is deur menselike versinsels en oorlewerings wat in teenstelling met die suiwerheid van die Evangelie is. Ons teenstanders ontken skaamteloos dat dit die krag van God tot saligheid van die wat glo, is, as hulle ons verdoem en vermoor omdat ons datgene wat daar nie in is nie, nie hou nie, en hulle kan hul van die lastering teen die Heilige Gees nie verontskuldig nie as hulle sê, dat al die skatte van die wysheid Gods en die oorvloedig genoegsame middele vir onse saligheid nie in die Oue en Nuwe Testament vervat is nie, maar dat hulle versinsels noodsaaklik is, en dat hy wat dit nie ewe hoog of hoër as die Evangelie ag nie, vervloek is, die menslike samelewing onwaardig is en verdien om na sy liggaam vernietig te word en na sy siel in die diepste van die hel gestort te word. Die swakheid van ons vlees beef vir hierdie woorde, en is verskrik deur die dreigemente van hulle wat mag het om dit tot as te maak; maar aan die ander kant hoor ons dat die Apostel sê, dat al was dit ook dat 'n Engel uit die hemel sou neerdaal en ons iets

anders sou verkondig as die Evangelie, hy vir ons vervloek en verafskubaar sal wees. Ons hoor die heilige Johannes wat sy profesie met hierdie woorde beëindig: want ek betuig aan iedereen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor, as iemand iets daaraan toevoeg, God sal die plae wat in hierdie boek geskryf is, aan hom toevoeg. In kort, ons sien dat ons beveel word om alleen die woord van die Heer te volg en nie wat ons goed dunk nie, met die verbod om aan die heilige gebode van die grote God by te voeg of af te doen. Jesus Christus sê ons dat Hy ons alles wat Hy van sy Vader gehoor het, bekend gemaak het, en as Hy vanweë die swakheid van die Apostels iets verswyg het wat Hy aan hulle beloof het om deur die Gees wat Hy hulle sou stuur, te openbaar, in ons verseker dat Hy aan hulle die belofte gehou het, daar Hy die waarheid self is. Daarom is daardie verborgenhede vervat in die Evangelie en die geskrifte van die Apostels wat na die genoemde beloftes en na die ontvangs van die Heilige Gees gemaak is. Hierdeur blyk dat dié gedeelte van die Evangelie misbruik word deur hulle wat onder hierdie woord van verborge dinge wat die Apostels nie kon dra nie, hulle eie sermonies en ligvaardige bygelowighede, wat in stryd is met die woord van God, verstaan. Ons bied aan om dit deur die getuienis van die Skrif te bewys, en dit sou vir ons maklik wees as dit nie was dat mens in 'n brief kort moet wees, en ons vrees om U Majesteit las te veroorsaak; en ons smeek U in die naam van Hom wat U in u koninkryk gestel het en U handhaaf, dat U dit nie toelaat dat hulle wat hul aan gierigheid, eersug en ander ontaarde begeertes oorgegee het, u arm, gesag en mag gebruik om aan hulle luste te voldoen deur hulle dronk en vol te maak van die bloed van u onderdane nie, terwyl hulle alle goeie ywer van vroomheid en godsvrug bedek met woorde van oproer, rewolusie, ergernis en andere waarmee hulle U teen ons ontvlam. Maar helaas, genadigste Heer, bedenk of dit nie altyd so was dat die wêreld die lig gehaat het en teen die waarheid opgestaan het nie; aan die anderkant, is hy wat die woord van die waarheid in sy mond dra, opstandig omdat die mense teen hom saamspan? Inteendeel, mens moet die oproer en ergenis toeskryf aan die onversoenlike vyand van God en die mense, naamlik die Duiwel, wat sy ryk nie wil verstoor nie, wat bestaan uit afgodery, valse godsdienste, hoerery en ander ontelbare ondeugde wat verwerp word deur die Evangelie waarteen hy raas en woed, om dit in sy loop te stuit. Hierby gevoeg die ondankbaarheid van die wêreld wat inplaas van die woord van sy Meester, sy Herder en sy God dankbaar te ontvang, hom daarteen verset en geen ander rede daarvoor aanvoer as die lang tyd wat hy in sy dwaling geleef het; en wil deur voorskrywing van tyd Hom weerstaan wat die eeue gemaak het en vir wie daar self geen tyd bestaan nie. Genadigste Heer, U behoort kennis van hierdie dinge te kry om U teen die dwalings te verset, hoe lank hulle ook al ingewortel

is, en om die onskuld van hulle wat tot nou toe in hul regsake meer verdruk as verhoor is, te handhaaf. Mag also die Heer U seën en bewaar, mag die Heer sy aangesig oor U laat skyn, en U in alle voorspoed handhaaf! — Amen.

* * *

As mens hierdie brief aandagtig lees, wek dit nie alleen 'n groter eerbied vir die Belydenis nie, maar verstaan mens ook watter kosbare kleinood dit is. Dit gee ook 'n dieper insig daarin en laat ons sien dat dit nie 'n Belydenis is wat uit verstandelike oorwegings opgestel is nie, maar deur die vuur en die swaard uit die hart ontpers is.

S. P. ENGELBRECHT.